

# BIOTERRORISME

AfriForum

# Bioterrorisme

Biologiese middels is organismes of gifstowwe wat mense, vee en gewasse kan doodmaak of immobiel maak. 'n Biologiese aanval is die doelbewuste vrystelling van kieme of ander biologiese middels wat jou siek kan maak.

Daar is drie basiese groepe biologiese middels wat waarskynlik as wapens gebruik kan word: bakterieë, virusse en gifstowwe. Biologiese middels kan versprei word deur dit in die lug te spuit, persoonlike kontak, diere te besmet wat die siekte aan mense kan oordra en deur water en kos te besmet.

Die uitwerking van bioterrorisme-aanvalle kan ernstig en wydverspreid wees, afhangende van die tipe en hoeveelheid biologiese middels wat gebruik is, asook die verspreidingsmetode. Simptome van 'n biologiese aanval wissel van ligte verkouesimptome tot ernstige siekte of selfs dood.

## Voor 'n biologiese dreigement:

'n Biologiese aanval mag of mag nie onmiddellik duidelik wees nie. In meeste gevalle sal plaaslike gesondheidsorgwerkers 'n patroon van buitengewone siektes rapporteer of daar sal 'n vlaag van siek mense wees wat dringend mediese aandag nodig het. Jy sal deur 'n nooduitsending op die radio of televisie, of 'n telefoonoproep deur 'n noodreaksiewerker in kennis gestel word. Maak asb. seker dat die boodskap wat jy ontvang het, geldig verklaar is. AfriForum stuur altyd geldige boodskappe uit.

Die volgende boodskappe veroorsaak net paniek:

- 'n Boodskap wat uitgestuur word met geen maatskappynaam nie.
- 'n Boodskap wat uitgestuur word met geen naam of verwysing nie.
- Die boodskap is nie feitelik nie.
- Daar is geen adres of kontakbesonderhede waarop jy kan reageer by die boodskap aangeheg nie.

## Om voor te berei:

- Stel 'n noodvoorraadstel saam.
- Berei 'n familienoodplan voor.
- Bevestig met jou dokter om seker te maak almal in jou familie het die nuutste immunisasies.
- Oorweeg dit om 'n hoogs doeltreffende deeltjieabsorberende filter (HEPA-filter) in jou vuurherd se terugvoerlugkanaal te installeer wat die meeste biologiese middels wat in jou huis mag inkom, uitfiltreer.

## Gedurende 'n biologiese bedreiging:

Die eerste bewys van 'n aanval kan wees wanneer jy simptome van die siekte opmerk wat deur blootstelling aan 'n middel veroorsaak word. In die geval van 'n biologiese aanval, kan openbare gesondheidsbeamptes nie dadelik inligting verskaf oor wat jy moet doen nie. Dit sal tyd neem om presies uit te werk wat die siekte is, hoe dit behandel moet word en wie in gevaar is.

## Gedurende ’n dreigement:

- Kyk TV, luister na die radio of besoek die internet vir amptelike nuus en inligting insluitend:
  - tekens en simptome van die siekte;
  - areas in gevaar;
  - of medikasie of inentings versprei word; en
  - waar om mediese aandag te soek as jy siek word.
- Indien jy bewus word van verdagte middels, maak dat jy vinnig wegkom.
- Hou jou mond en neus toe met lae materiaal wat lug kan filtreer, maar steeds asemhaling toelaat. Voorbeelde sluit in twee tot drie lae katoen soos ’n T-hemp, sakdoek of handdoek.
- Afhangende van die situasie, dra ’n gesigmasker om die inasem en verspreiding van kieme te verminder.
- Indien jy aan ’n biologiese middel blootgestel is, verwyder en gooi jou klere en persoonlike items in ’n sak. Volg amptelike instruksies vir die weggooi van besmette items.
- Was jouself met seep en water en trek skoon klere aan.
- Kontak die owerhede en soek mediese hulp. Jy mag aangeraai word om weg te bly van ander of selfs te kwarantyn.
- Indien jou simptome pas by dié wat beskryf is en jy in die groep val wat as ’n gevaar beskou word, soek onmiddellik mediese aandag.
- Volg die dokters en ander openbare gesondheidsbeamptes se instruksies.
- Vermy skares.
- Was jou hande dikwels met seep en water.
- Moenie kos of eetgerei deel nie.

## Ná ’n biologiese bedreiging:

Gee aandag aan alle amptelike waarskuwings en instruksies oor hoe om voort te gaan. Mediese dienste vir ’n biologiese gebeurtenis kan anders hanteer word as gevolg van toenemende vraag.

Die basiese prosedures en mediese protokolle vir die hantering van blootstelling aan biologiese middels is dieselfde as vir enige aansteeklike siekte.

